# H O O F S T U K I.

## BEGRIPSBEPALING.

### REG, KERK EN KERKREG.

1. INLEIDEND:

Gewoonlik word die openlike aanvang van die Reformasie van die kerk, gedurende die sestiende eeu, veral gekoppel aan die stryd op leerstellige gebied. Vandaar dat 31 Oktober, die dag toe Luther, in 1517, sy vyf-en-negentig stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg gespyker het, as gedenkdag van die Reformasie aangemerk is. Tog, hoe grondliggend die leerstellige ook al vir die Reformasie is, is dit eensydig om daarop alleen die nadruk te lê. Ewe belangrik is die kerkregtelike stryd. Eintlik is met die oog op die totstandkoming en voortsetting van die Reformasie, die kerkregtelike aspek daarvan voorwaarde vir die leerstellige. Landwehr sê aangaande die viering van 31 Oktober as herinneringsdag van die Reformasie: „Toch zij men hier op zijne hoede. Het is ongetwijfeld juist, als men de eigenlijke geboortestonde van de Kerkhervorming niet op dien dag stelt. Men kan by de Kerkhervorming onderscheiden een geestelijke moment, maar ook een Kerkrechtelijke moment."[1] In 1517 was Luther nog 'n getroue seun van die Rooms-Katolieke kerk, al het die lig reeds in sy siel opgegaan oor die regverdigmaking deur die geloof alleen.[2] Sy doel was om, na die gewoonte in daardie dae, deur sy stellinge diskussie uit

---

1). J.H. Landwehr: De Reformatie En De Kerk. Rotterdam. J.H. Donner 1917. P.4. Vgl. Gereformeerd Teologisch Tydschrift. 37ste Jaargang. p.85. „Kerkrechtelijke vorm en geestelijke inhoud zijn nu eenmaal niet te scheiden en staan niet los naast elkaar."

2). Vgl. J.H. Landwehr: a.w. p.6.

2/......

te lok oor die misbruike in verband met die aflaat.[3] Hy wou die kerk terugroep na 'n praktyk wat met die suiwere leer ooreenstem. Hy wou terug na die Woord van God. Maar spoedig het dit duidelik geword dat in die raamwerk van die Rooms-Katolieke kerkregeringstelsel, daar geen plek vir reformatoriese optrede was nie. Die stellinge van Luther het èn 'n pennestryd èn 'n proses uitgelok. Die pous het 'n ketterproses teen Luther ingestel en die eis aan hom laat stel om sy stellinge te herroep.[4] Luther het ervaar dat dit in die kerk nie meer gegaan het oor die gesag van Christus nie, maar wel oor die van die pous. „De Kerkhervorming was in den diepsten grond de beslissing over het machtige vraagstuk van het gezag."[5] „De gewetens moesten losgemaakt worden van het valsche, aangematigde gezag der kerk en weder gebonden worden aan het onfeilbare Woord des Heeren."[6] Die grondliggende dwaling deur Luther bestry, naamlik dié ten opsigte van die verlossingsleer, het gespruit uit dieselfde aangematigde gesag waarop die Rooms-Katolieke kerkregeringstelsel gerus het.

Die mag wat die pous hom onder meer toegeëien het om sondes te vergewe of te hou, berus op die leer dat daar 'n wonderlike, goddelik-ryke identiteit is tussen Christus en sy kerk. Die geïnstitueerde kerk is, volgens die leer, Christus.[7] Dan moet hierdie vereenselwiging of mistieke

---

3). J.H. Landwehr: a.w. p.6.

4). Vgl. Prof. Dr. F.W. Grosheide e.a.: Geschiedenis Der Kerk. Tweede Deel. J.H. Kok. Kampen. s.j. p.p. 143 en 144.

5). J.H. Landwehr: a.w. p.11.

6). ibid. p.12.

7). Vgl. G.C. Berkouwer: Conflict met Rome. Kok. Kampen. 1949. p.28.
Vgl. ook: H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht I. Kok Kampen. 1928. p.p. 19/20.

3/........

eenheid van die kerk met Christus, nie bloot in geestelike sin verstaan word nie. Dit lê op dieselfde vlak as die vereniging van die goddelike en menslike nature van Christus. Dit is 'n misterie, maar tog 'n werklikheid; net so 'n werklikheid as die vleeswording van die Woord. Tewens die kerk is die voortgesette vleeswording van die Woord, die in die tyd en ruimte sigbaar voortlewende en voortwerkende Christus, waardeur die mensgeworde Woord die nuwe wet, die nuwe leer, die nuwe lewe, vir en deur sy heilige mensheid aan mense in steeds nuwe verskyningsvorme laat deurstraal en toeganklik maak.[8] By nadere beskouing blyk dit dat met die heilige mensheid in en deur wie Christus voortleef en werk, nie in die eerste plek die vergadering van die gelowiges bedoel word nie. Die gelowiges is alleen deel van die heilige mensheid in soverre hulle aan die pous deur absolute gehoorsaamheid gebind is. Hy is die plaasvervanger van Christus op aarde as opvolger van Petrus. Daarom is hy die hoof van die kerk en as hoof is in hom die kerk self ook verteenwoordig. Waar die pous is, is die kerk en daar is Christus. Die pous neem die plek van Christus in. Hy is die absolute heerser in die kerk. Sy Woord, ex Cathedra gespreek, is konsensiebindend. En sy wet is normatief vir die lewe van die gelowiges.

Hoewel Luther dit aanvanklik nie so ingesien het nie, was hierdie kerkregeringstelsel, waarin die pous na vore tree as die absolute heerser oor die gelowiges en selfs oor die wêreld - as plaasvervanger van Christus is hy immers die potentaat van die potentate - die vyand op die weg na reformasie. Die Woord van God wat hy durf bring het teenoor die woord van die pous is tot swye gedwing deur die pouslike bul. Dit dwing Luther om van sy

---

8). Vgl. Berkouwer: a.w. p.26.

4/.......

standpunt, om nie met die Roomse Kerk as sodanig te breek nie, af te sien. Op 10 Desember 1520 verbrand hy die pouslike bul in die openbaar en betuig daarmee dat hy God meer gehoorsaam is as die mense. „In Luther's verbranden van den pauselijken bul schittert voor ons de gehoorzaamheid des geloofs aan Christus.....”[9] Tegelyk daarmee verbrand hy ook die Corpus juris Canonici. Dit is 'n daad van ingrypende betekenis, want daarmee betuig hy dat die Roomse kerkregeringstelsel nie deug nie. „Het mag gerust een symbolische daad van Luther genoemd worden, wanneer deze in 1520 tegelijk met de banbul betreffende zijn excommunicatie ook het Corpus juris Canonici verbrande. Daarmede zwoer toch eigenlijk zowel de Luthersche als de Calvinistische reformatie het Roomse papale stelsel van kerkrecht af.”[10] Die stelsel staan in die weg van die gehoorsaamheid aan Christus en solank die gelowige hom daaraan onderwerp, is dit tevergeefs om te stry vir die leersuiwerheid. Vir die kerk om weer waarlik kerk te wees, was dit nodig om die kettings waarmee dié regeringstelsel dit gebind het, te verbreek. En daarin het Luther met sy simboliese daad die kerk voorgegaan. „Hy had duidelik uitgesproken, dat het Kanonieke Recht moet verdwijnen.”[11]

---

9). J.H. Landwehr: a.w. p.17.

10). Prof. Dr. Th.L. Haitjema: Nederlands Hervormd Kerkrecht. Nijkerk 1951. p.10.

11). F.L. Rutgers: Het Kerkrecht in zoover het de Kerk met het recht in verband brengt. Amsterdam 1894. (In vervolg aangehaal as: „Het Kerkrecht...”) p.8.
Vgl. H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht I. p.27.
H.H. Kuyper wys ook op die blinde gehoorsaamheid wat die leke aan die geestelikes verskuldig is volgens die stelsel. Alle mag in die kerk - wat heilsmiddelares uitdeelster van die genade is vloei saam in die pous. Gehoorsaamheid aan die pous is die essensiële vereiste.
Vgl. H.H. Kuyper: College-dictaat Kerkrecht. 1935-36. Ongepubliseerd. blss. ongenommer. Afskrif in besit van Prof. dr. J.P. Jooste, Potchefstroom.

Luther self was miskien nog nie so bewus van die ingrypende betekenis van sy daad nie. Uit sy optrede blyk dit dat hy wel ingesien het dat die Rooms-Katolieke kerkregeringstelsel in die weg van die reformasie staan, maar die noodsaaklikheid van die ontwikkeling van 'n kerkregeringstelsel wat pas by die wese van die kerk het nog nie tot hom deurgedring nie. Hy was maar tevrede as die Woord van God in vryheid verkondig kon word. In sy hele optrede, gedryf deur soteriologiese motiewe, het hy self verder ten opsigte van die kerkregering onverskillig gestaan.[12] Tog kan daaruit nie afgelei word, soos onder andere deur Sohm gedoen word, dat Luther met sy uitbanning van die Roomse kerkregeringstelsel, elke kerkregeringstelsel of die kerkreg as sodanig verwerp nie.[13] Uit sy optrede en veral dié van sy aanvanklike medestanders, is dit duidelik dat die Lutherane van die begin af 'n skriftuurlik gefundeerde kerkreg aanvaar het.[14]

Die Lutherane het spoedig, deur eensydige oorbeklemtoning van die soteriologie, berus by 'n regeringstelsel waarin die landheer of vors die heerser oor die kerk is. So is die kerk weer aan deformasie oorgelewer in Lutherse lande. Die ontwikkeling van 'n skriftuurlik gefundeerde kerkregeringstelsel, genoem die presbiteriale kerkregeringstelsel, het egter nie agterweë gebly nie. Calvyn het die grondgedagtes geput uit die Heilige Skrif, vir hierdie stel-

---

12). Vgl. A.D.R. Polman: Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis. Wever Franeker s.j. - IV. p.p. 8 e.v.

13). Vgl. Rudolph Sohm: Kirchenrecht. Erster Band. Leipzig 1892. p.461. Nicht blozs das päpstliche Recht, sondern das Kirchenrecht wollte er verbrennen."
Vgl. ook F.L. Rutgers: Het Kerkrecht...... p.17.

14). Vgl. A.D.R. Polman: a.w. p.8.

sel neergelê in sy Institusie, Boek IV.[15] Dit is veral uitgewerk in Genève, Frankryk, Skotland en Nederland.

Dit word egter betwis deur A.M. Brouwer dat so iets soos 'n skriftuurlik gefundeerde kerkregeringstelsel kan bestaan.[16] Ook Sohm ontken dat so 'n stelsel kan bestaan omdat die kerkreg met die wese van die kerk in teëspraak is.[17] Die kollegiale kerkreg kom in die agtiende eeu op[18] en is gegrond in die rasionalisme.[19] Daarom kan by die kollegialisme dus ook geen sprake wees van 'n skriftuurlik gefundeerde kerkregeringstelsel nie; die rede is immers hier die uitgangspunt.

Hierdie en ander bestryders van die presbiteriale kerkregeringstelsel kan alleen te woord gestaan, terwyl die grondbeginsels van die stelsel ook alleen aangedui kan word, as die begrippe <u>reg</u>, <u>kerk</u> en <u>kerkreg</u> eers nader ontleed is.

---

15). J. Calvyn: Institusie of onderwijzing in de christelijke Godsdienst. Uit het Latijn vertaald door Dr. A. Sizoo. Tweede druk. Delft. s.j. Deel III. Vgl. H.H. Kuyper. a.w.: Calvyn bou die stelsel op uit die Heilige Skrif. Die gereformeerde stelsel van kerkregering is vir hom nie „resultaat van historisch geworden toestand, maar is 't stelsel dat door Calvyn opgebouwd is uit de H.S."

16). A.M. Brouwer: De Kerkorganisatie der Eerste Eeuw en Wij. Baarn. s.j. p.90.

17). R. Sohm.: a.w. p.1.

18). Vgl. C.J.H. de Wet: Die Kollegiale Kerkreg. Amsterdam. 1921. p.20.

19). Vgl. ibid. p.21.
Vgl. H.H. Kuyper: a.w. Omdat die Kollegialisme in wese rasionalisties is, is dit eintlik nie 'n kerkregeringstelsel nie. Dit degradeer die kerk „tot een menschelijke vereeniging." Die Kerkreg vorm dan 'n onderdeel van die staatlike reg. Tog moet die stelsel aandag geniet omdat baie wesenstrekke daarvan teruggevind word in stelsels wat voorgee om die wese van die kerk as liggaam van Christus te handhaaf.

(2) REG:

Wat word onder reg verstaan? Die beantwoording van die vraag laat ons al dadelik kennis maak met een van die oorsake van die teenstrydige en verwarrende beskouinge oor die kerkregering. Langemeijer beweer dat dit nog altyd onmoontlik geblyk het om die begrip „reg" te definiëer. „De spot van Kant: 'noch immer suchen Juristen eine Definition zu ihre Begriffe von Recht', die nog even waar is als in zijn tijd, zal de jurist zich moeten laten aanleunen."[20] Die strewe na 'n definisie dra net by tot die verdere verwarring „of minstens vergroting van die moeilijkheden van de rechtsfilosofische problematiek....."[21]

Waar dit gaan om die bepaling van die begrip „reg", het ons te doen met 'n regsfilosofiese probleem, wat weer ten nouste verbonde is met die filosofie in die algemeen. By die nagaan van die regsfilosofie in verband met die filosofiese strominge deur die eeue, skyn dit of Langemeijer nie oordryf in sy stelling dat die juris hom maar die spot van Kant moet laat aanleun nie. „As 'n mens 'n poging waag om al die uiteenlopende menings na te gaan, staan 'n mens by die aanvang, voor wat Gierke noem 'n „chaos modernen Anschauungen", en waarvan Vinogradoff verklaar „when we examine modern text-books of general jurisprudence in detail, we do find, that the universal element in them is, at bottom, restricted to a statement of queries and a registration of disagreements."[22] Daar kan nie van 'n algemeen-aanvaarde

---

20). Mr. G.E. Langemeijer: Inleiding tot de studie van de wijsbegeerte des Rechts. Zwolle 1956. p.297.

21). ibid. p.297.

22). F.E. O/B. Geldenhuys: Die Regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode onder die Gereformeerde stelsel van kerkregering soos toegepas in die gefedereerde Ned. Ger. Kerke in Suid-Afrika. Pretoria 1951. p.2.

regsbegrip gespreek word nie. Geldenhuys sê dat „oor die vraag wat reg is, sal daar miskien nooit eenstemmigheid bereik word nie."[23] En Langemeijer beskou dit as van minder belang of daar tot 'n definisie van „reg" gekom kan word of nie. „De vraag naar het rechtsbegrip is veel belangwekkender van het standpunt van de algemene filosofie dan van dat van het recht."[24] Sou dit egter so wees, sou alle beskouinge oor wat „reg" is van eweveel waarde wees en die subjektivisme op die gebied van die reg hoogty vier.

Die chaos waarvan hierbo gespreek word, moet egter nie oordryf word nie. Ten spyte van die uiteenlopende menings oor wat „reg" is, is daar tog ook ooreenstemming aan te merk ten opsigte van sekere basiese gesigspunte in die bepaling van wat reg is. Vir elke mens is dit uit die naïewe ervaring reeds duidelik dat die reg met die reëling van die menslike samelewing te doen het. „Die reg is dus 'n gedragsreëling in samelewing, in alle menslike samelewing;....."[25] „Het recht is een verschijnsel van menselijke samenleving,"[26] wat hom aan ons voordoen met die pretensie om ons gedrag te beheers. Die geskiedenis van die regsfilosofie toon dan ook dat daar in hierdie opsig algemene instemming heers, ten spyte van alle verskille.

Reeds in die vroeë stadia van die Griekse denke,

---

23). ibid. p.2.

24). Langemeijer: a.w. p.297.

25). L.J. du Plessis: Inleiding tot die algemene Regsleer of Jurisprudensie. Verkennerreeks no. 5. Stellenbosch. 1943. p.6. Vgl. ook p.10.

26). Langemeijer: a.w. p.299.

waarin die begrippe godsdiens, sedelikheid en reg nog nie duidelik van mekaar geskei is nie, is dit duidelik dat as van reg gespreek word, dit gaan om die reëling en beoordeling van die menslike gedrag in die lig van die wil van die gode. Reg kan hier dan omskrywe word as die bepaling van gedragsreëls vir die mens deur die gode. Daarom het dit ook aanspraak op eerbiediging. Die Sofiste breek egter al met hierdie mitologiese opvatting en hoewel daar onder hulle uiteenlopende gedagterigtinge heersend is, is die gemeenskaplike in die sofistiese denke egter dat die mens self bepaal wat reg is. „Wij vinden de gedachten: dat het recht niet anders zou zijn dan de door overleg tot stand gekomen modus vivendi tussen mensen, die in beginsel ieder door niets anders dan zijn subjektieve voorkeur worden geleid....."[27)]

Vir die ontwikkeling van die Griekse denke, wat begin met hierdie emansipering van die denke van die mitologiese voorstellinge, het dit toe noodsaaklik geword om 'n regsfilosofie op te bou, los van die tradisie en geloof, wat tog enige vastigheid bied. Aristoteles bring dan die gedagte van 'n natuurreg na vore. Uit die reëlmaat in die werklikheidsverskynsels, „dus uit wat men als natuur kan aanduiden,"[28)] word reëls vir die menslike gedrag afgelei wat nie alleen 'n goeie kans het om toegepas te word nie, maar reeds al deur die afleiding aanspraak op eerbied het.

Hierdie gedagte van 'n natuurreg het die oorheer-

---

27). ibid. p.22.

28). Langemeijer: a.w. p.32.

sende in die regsfilosofie gebly tot in die negentiende eeu. Hommes omlyn die tradisionele natuurregsbegrip soos volg: „het natuurrecht in traditionele zin is het geheel van bovenpositieve (niet door menselijke rechtsvormende wilsverklaring tot standgebrachte) onveranderlijke, universele en per se geldende rechtsnormen en eventueel subjectieve natuurlijke rechten met daarmee correlate plichten, die rusten in een al of niet op goddelijke oorsprong teruggevoerde natuurlijke orde en door de mens op apriorische wijze uit die natuurlijke orde met behulp van de natuurlijke rede kunnen worden afgeleid."29)

Die natuurreg word verdring deur die historiese skool, wat die reg beskou as 'n aspek van die nasionale volkskultuur. Volgens hierdie skool is die reg 'n produk van die historiese ontwikkeling. Die beskouing loop weer uit in die positivisme, wat net rekening hou met bestaande regsreëls en wat daaruit afgelei kan word.

Uit wat hierbo aangestip is, is dit duidelik genoeg dat daar nie alleen eenstemmigheid is ten opsigte van die beskouing dat reg 'n verskynsel van menslike samelewing is wat die reëling van dié samelewing bewerk nie. Daar is ook eenstemmigheid dat die reg voortvloei uit die wil van 'n bevoegde orgaan; „'n sosiale outoriteit."30) Die bevoegde orgaan lê die gedragsvereistes in die samelewing vas. So gesien, wil dit voorkom asof die positivistiese beskouing van wat reg is, die leidster kan wees uit die

---

29). Mr. H.J. Hommes: Een Nieuwe Herleving van het natuurrecht. Zwolle 1961. p.55.

30). L.J. du Plessis: a.w. p.6: „Die reg daarenteen opereer nie met die liefde nie en vloei voort uit die wil van 'n bevoegde orgaan, 'n sosiale outoriteit."

chaos van beskouinge. Dan sou die definisie van Geldenhuys: „M.a.w. reg is geldende bindende reëls vir die menslike samelewing"[31] seker bevredig het. Hy hou egter nie rekening met die feit dat al kom elke omskrywing van wat reg is, feitelik met hierdie definisie ooreen, daar tog geen ooreenstemming is oor watter reëls as geldend en bindend beskou moet word nie. Wat vir die een 'n bevoegde outoriteit is vir die vaslegging van die reëls, is vir 'n ander onbevoeg. Vir die een is die regsvormende outoriteit gebonde aan objektiewe beginsels in sy taak; terwyl 'n ander weer die blote oplegging van die wil van die outoriteit as voldoende vir die samelewing vereis. So beland die regsfilosofie maar weer in verwarring.

Dit is dan ook die noodwendige gevolg van elke poging tot formulering van die begrip „reg", waar uit die oog verloor word dat die menslike denke uiteen val in twee onversoenbare rigtings. Dit is die gevolg van 'n tweërlei uitgangspunt. „Ook alle wetenschappelijke en wijsgerige arbeid gaat tenslotte terug op een bepaalde positiekeuze van het hart t.o.v. God en Zijn Woord, op een apriori, dat niet langs de weg van denken en redeneren verkregen is, maar dat als geloofsvooroordeel aan alle denken noodzakelijk voorafgaat."[32] Kuyper stel dit so dat die twee denkrigtings is: die een gewortel in die onwedergebore hart, die ander in die wedergebore hart.[33]

---

31). O.B. Geldenhuys: a.w. p.14.

32). J.M. en H.J. Spier: Wijsbegeerte en Levenspractijk. Kok Kampen. 1948. p.34.

33). Dr. A. Kuyper: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. Tweede Herziene druk. Kok Kampen. 1909. Deel II. p.p. 97 e.v.; veral p.p. 99 en 102.

„Because there are two kinds of people, or two kinds of human consciousness, their are two kinds of science."[34)]

Die prinsipiële onderskeid tussen die twee soorte denke loop noodwendig uit op 'n prinsipiële en onversoenbare onderskeid in die bereikte resultate.[35)] Al dadelik is daar so 'n onoorbrugbare kloof tussen die christelike en nie-christelike regsbegrip te konstateer. 'n Definisie van reg wat sowel die gelowige as ongelowige kan onderskryf, is ondenkbaar, want „the whole scale of christian sciences, theology included, must be contrasted with the whole scale of non-christian or apostate sciences...."[36)]

Deur die ongelowige denke is die „human theoretical reason" aanvaar „as the ultimate judge in matters of truth and falshood."[37)] Hierdie filosofie, genoem die humanisme, erken geen norm buite sigself of een of ander aspek van die skepping nie. Dit verabsoluteer altyd een of ander aspek van die skepping. En - „it cannot absolutize any aspect of that created order, which has meaning because created and sustained by God, without obscuring or destroying meaning, and also creating isoluble tensions in that order."[38)]
Die humanisme dra dus

---

34). A.L. Conradie: The Neo-Calvinistic Concept of Philosophy. Natal University Press 1960. p.p. 17 en 59.
Vgl. ook H. Dooyeweerd: A New Critique of Theoretical Thought. Amsterdam - Nederland en Philadelphia (U.S.A.) 1955. Deel I. p.123.

35). Vgl. A. Kuyper: a.w. II. p.103 en A.L. Conradie: a.w. p.17.

36). A.L. Conradie: a.w. p.17. Vgl. ook p.p. 62/63.

37). H. Dooyeweerd: In the Twilight of Western Thought. Philadelphia (U.S.A.) 1960. p.2.

38). H. Dooyeweerd: a.w. p.IX.

insigself ook 'n onoplosbare tweespalt om, en daarom kan dit nie anders as dat juis in dié kringe verwarring ook op die gebied van die regswetenskap en regsfilosofie heers nie.[39] Vandaar dat, wat die begrip reg betref, dit nie net onversoenlik staan teenoor die christelike denke nie, maar ook soveel teenstrydige begrippe huldig dat tevergeefs na 'n algemeen aanvaarde omskrywing daarvan gesoek word.

Die christelike denke ontleen sy diepste wysheid daarenteen „aan het licht der goddelijke Woord-openbaring."[40] Die mens is in sy beskouing van die werklikheid altyd onderworpe aan die Woord van God. En die Woord van God eis dat die denker in sy beskouing van die werklikheid moet uitgaan van die onderskeiding tussen God en die wêreld. Hy is die Skepper en die wêreld (kosmos) die geskapene. „Dit veronderstel 'n absolute grenslyn tussen God en kosmos: alles wat bo die grens is, is God, en alles wat onder die grens is, is skepping, o.a. die kosmos."[41] God is as Skepper voorts die Soewereine Gebieder oor al die geskapene, wat in volstrekte sin van Hom afhanklik is.[42] Die skepping bestaan dan wetmatig; dit is, ooreenkomstig 'n Goddelike wêreldorde.[43]

---

39). Vgl. H. Dooyeweerd: De beteekenis der wetsidee voor Rechtswetenschap en Rechtsphilosophie. Amsterdam 1926. p.6.

40). J.M. Spier. Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee. Vierde Herziene en Vermeerderde druk. Kok Kampen 1950. p.38.

41). Prof. Dr. H.G. Stoker: Die Wysbegeerte van die Skeppingsidee. Pretoria-Kaapstad 1933. p.19.

42). Vgl. J.M. Spier: a.w. p.39.

43). Vgl. H. Dooyeweerd: A New Critique of Theoretical Thought. Deel I. p.p. 93. e.v.

Die één werklikheid, dit wil sê die ganse skepping wat ons waarneem, val uiteen in verskillende aspekte. Telkens kan die werklikheid uit 'n ander aspek beskou word. Die indeling van die werklikheid in die verskillende aspekte is egter nie willekeurig nie, maar berus in die skepping self as 'n eenheid in verskeidenheid. Elke aspek van die werklikheid bestaan ooreenkomstig die verordeninge van God wat daarvoor geld.[44)]

Die reg is dan een van die aspekte van die werklikheid. Dit raak die menslike samelewing en is, soos reeds aangedui, 'n gedragsreëling in alle menslike samelewing. As sodanig lê die eie karakter van die reg in vergelding,[45)] dit wil sê die werking van hierdie reëling is vergelding. Vergelding moet egter nie in die betekenis van wraak geneem word nie. „De vergelding is hier bedoeld als de evenwichtige harmonisering van een menigvuldigheid van belangen."[46)]

Die menslike samelewing is saamgestel uit verskillende belange. „De hoofdindeling is die tussen verbandsbelangen en maatschapsbelangen."[47)] Elke vorm van samelewing waarin die lede van die samelewing verbonde is deur gesagsverhoudinge word in samelewingsverband genoem, byvoorbeeld gesin, staat, kerk ensovoorts. In die maatskappy staan die lede van die samelewing op 'n gelyke voet, byvoorbeeld in die vriendskapsverhouding, die verhouding

---

44). Vgl. H.G. Stoker: a.w. p.p. 16. e.v.; H. Dooyeweerd: a.w. I. p.p. 93 e.v., J.M. Spier: a.w. p.p. 43 e.v.

45). Vgl. H. Dooyeweerd: a.w. II. p.129.

46). J.M. Spier: a.w. p.93.

47). J.M. Spier: a.w. p.93.

van koper en verkoper, ensovoorts.

Die meesomvattende samelewingsverband is die staat. Volgens Calvyn is die staat „tweevoudig in die Godsopenbaring gegrond, naamlik in die voorsienige bestuur van God die Skepper en Onderhouer, en in die gebod van God die Here. In die eerste verband is dit 'n heerskappy van Godswel, in die tweede verband is dit regsamp vir die positivering van die goddelike gebod. Die heerskappy word naamlik deur sy doel geskakel aan die reg en die gebod."48) Die staat is dus 'n instelling van God tot verwesenliking van die reg binne die landsgrense. Dit is primêr 'n regsgemeenskap. „Er is geen enkel belang binnen het staatsgebied, waarmee de staat a priori niet zou te maken hebben. want de rechtsgemeenschap van de staat toont een heel eigene universaliteit te zijn, een universeel rechtsverband, dit in zekere zin alle andere samenlewingsverbanden overkoepelt."49) Dit wil egter nie sê dat die staat die hoogste samelewingsverband en die ander samelewingsverbande slegs onselfstandige dele van die groot geheel is en dat daar geen ander reg as staatlike reg is nie. Ook die ander samelewingsverbande, gesin, kerk, ensovoorts, het 'n eie interne regsfunksie. Oor die interne reg van die ander samelewingsverbande het die staat geen seggenskap nie. „Maar alle verbanden, die er binnen de staatsgrenzen zijn, hebben er recht op dat hun belangen beschermd worden tegen de expansiezucht van andere belangen; dat hun levensruimte gelaten wordt om zich stil en gerust te kunnen ontwikkelen.

---

48). L.J. du Plessis: Die Staatsteorie van Jean Calvin in verband met die wetenskap en staatspraktyk van sy tyd. Kok Kampen. 1932. p.54.

49). J.M. Spier: a.w. p.206.

(Vgl. I Tim. 2:2)"[50] Die reg van die staat is dan te kwalifiseer as publieke verbandsreg. Die reg van ander samelewingsverbande is partikulier en andersoortig.[51]

Die reg, wat in sy werking die ewewigtige harmonisering van 'n menigvuldigheid van belange in elke samelewingsverband tot stand bring, word gevorm deur die bevoegde orgaan in die betrokke samelewingsverband.[52] Vir die staat is dit die owerheid; vir die kerk, die kerkraad; vir 'n vereniging, die bestuur.

By die vorming van die reg kan die bevoegde organe in die samelewingsverbande egter nie willekeurig te werk gaan nie. By die vorming van die reg is hulle gebonde aan objektiewe beginsels wat God daar gestel het vir die verhoudinge in die samelewingsverbande. „Hierdie regsbeginsels is vir 'n deel geopenbaar in die Heilige Skrif, en vir 'n ander deel kenbaar uit die aard en die historiese ontwikkeling van die lewensverhoudinge."[53]

Dit kom dus, uit 'n chirstelike oogpunt, daarop neer dat die „geldende bindende reëls vir menslike samelewing" alleen as reg gekwalifiseer kan word as dit reëls is „wat uit Godgestelde beginsels gepositiveer is deur die wil van bevoegde vormingsorgane in die verskillende samelewingskringe."[54]

---

50). J.M. Spier: a.w. p.206.

51). Vgl. ibid. p.207.

52). Vgl. L.J. Du Plessis: Inleiding tot die Algemene Regsleer. p.6.

53). L.J. Du Plessis: a.w. p.7.

54). ibid. p.8.

Die Reg is dus formeel van aard.[55] Om te kan geld, moet die reg aan sekere formele vereistes voldoen. Dit moet gevorm wees; dit wil sê, gestalte kry in noukeurige omskrewe reëls of wette. Die vorming van die reg kan ook alleen geskied deur 'n bevoegde, dit wil sê deur 'n van-God-verordende outoriteit in die betrokke samelewingsverband.

Die reg rus so op 'n Godgegewe gesagsverhouding in die samelewing.[56] Aan die een kant staan die regsvormers met mag tot regsvorming en handhawing; aan die ander kant die regsubjekte wie se gedrag in die samelewing deur die gevormde reg, dit wil sê die reëls of wette, beheers word. Wanneer die reg in werking tree in 'n samelewingsverband, word so 'n samelewingsverband regeer deur die bevoegde outoriteit. Die outoriteit neem die leiding en bestuur daarin deur die oplegging van reëls of wette en die handhawing daarvan; gesag word in die bepaalde kring uitgeoefen. „Recht besteht nur da, wo Souveranität zu finden ist."[57]

Hierdie regering of gesagsuitoefening kan op verskillende maniere of stelsels geskied. In die staatsverband kan die gesag byvoorbeeld by die monarg berus, dan word die betrokke volk volgens die monargale stelsel regeer. Die regeringstelsel word dus bepaal deur die wyse waarop die gesag tot regsvorming en handhawing in 'n bepaalde samelewingsverband uitgeoefen word.

---

55). Vgl. R. Sohm: a.w. p.23; F.L. Rutgers Het Kerkrecht...... p.19.

56). Vgl. H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek. Tweede Herziene en vermeerderde druk. 1911. Deel IV. p.354.

57). Olof Linton: Das Problem Der Urkirche in der Neueren Forschung. Uppsala. 1932. p.62.

(3) KERK:

Die nadere omskrywing van die begrip kerkreg en die daaruit voortvloeiende kerkregeringstelsel is eers moontlik as vasgestel is of die kerk wel 'n selfstandige samelewingsverband, 'n eiesoortige instelling is. Tereg sê Karl Rieker: „Jedes eigentümliche kirchliche Verfassungs-system wurzelt schliesslich in einem eigentümlichen Kirchen-begriff."[58]

Wat in die voorafgaande bladsye gesê is oor die tweërlei denkrigtings, gewortel in 'n wedergebore of onwedergebore hart, geld by die vasstelling van die kerkbegrip in besonder. Dit gaan ten slotte in die vasstelling van die kerkbegrip oor die verhouding waarin die ondersoeker tot die gekruisigde Christus staan. Glo hy nie in Christus nie, kleef hy nog aan die leuen van Satan: Julle sal soos God wees, en loën hy dat die mens van God afhanklik is. Glo hy wel in Christus, bely hy dat die mens absoluut afhanklik is van God en met Hom versoend moet wees in Christus.

In die eerste geval word die menslike denke beheers deur sy soewereine rede. Die ganse werklikheid word deur die rede, volgens die onbevooroordeelde natuurwetenskaplike matematiese metode benader. Die Bybel is dan geen openbaring van God nie, maar word as gewone boek gelees, onderworpe aan die kritiese rede.[59] Elke ondersoeker van die bestaande verskynsels is alleen gebonde

58). Karl Rieker: Grundsätze Reformierter Kirchenverfassung. Leipzig 1899. p.60.
Vgl. H.H. Kuyper: a.w. Die Kerkregeringstelsels is nie toevallig nie. Daar is 'n onderlinge verband tussen belydenis en kerkregering. „De meeste kerken namen in de Confessie op, wat voor haar het principieele was in de kerkregering."

59). Vgl. Ypeij en Dermout: Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk. Te Breda MDCCCXIX. Deel IV. p. 278. G.C. Berkouwer: Het probleem der Schriftkritiek. Kok Kampen. s.j. p.10.

19/.....

aan die insig van die soewereine rede ens.

Onder leiding van die soewereine rede word die menslike samelewing gesien as gegrond op 'n onderlinge verdrag wat voortspruit uit die natuurlike drang van die mens om as gesellige wese 'n „friedliche en vernunftig geordnete Gemeinschafft" te hê.[60] Die vrye individue kom dan kragtens die natuurlike drang ooreen om 'n samelewingsverband of gemeenskap te vorm, ooreenkomstig sekere selfbepaalde reëls, waarin die gesag van die lede oorgedra word aan een of 'n paar. „Op sulke reg is die staat gebou deur onderlinge Verdrag, waardeur die regering by die meerderheid van die also <u>verbindes</u> berus of ook oorgedra word aan één persoon."[61] Volgens hierdie beskouing is daar maar een samelewingsverband noodwendig, naamlik die staat. „Volgens die leer is dan ook van al die verskillende genootskappe deur verdrag ontstaan die staat eintlik alleen noodwendig."[62]

Elke ander samelewingsvorm is maar 'n onderdeel van die een noodwendige. Dit is verenigings wat vrywillig en met goedkeuring van die staat, ter bevordering van 'n besondere doel, tot stand kom. Die verenigings is ondergeskik aan die staat, terwyl dit geheel deur die staat oorkoepel word. Die staat is onbeperk, „der staat ist der Leviathan welche alle andere Gewalt verschlingt."[63] Die kerk is dan ook bloot 'n vereniging of genootskap wat op vrywillige grondslag rus en staan gelyk aan alle ander verenigings, terwyl dit alleen in doel daarvan verskil.

---

60). C.J.H. de Wet: Die Kollegiale Kerkreg. Amsterdam 1921. p.6.

61). ibid. p.6.

62). ibid. p.p. 7/8.

63). J.H. Eybers: Die Kerkinrigting van die Nederduits Gereformeerde kerke in S.A. Pretoria. p.18; Vgl. R. Sohm: a.w. p.574; J.C.A. van Loon: Het Algemeen Reglement van 1816. Wageningen 1942; p.42.

20/.....

Die Kirche ist eine Religionsgesellschaft."[64] Die gelowiges tree as individue, om praktiese redes, in gemeenskap met mekaar tot ontwikkeling van die hoogste vermoëns in die mens, sy sedelik-godsdienstige vermoëns.[65] Die kerk is net 'n instelling tot bevordering van godsvrug, stigting en goeie sedes, 'n genootskap om die erediens te behartig;[66] 'n collegium in die staat,[67] en wel 'n collegium licita.[68]

Die kerk is dus volgens die rasionaliste geen selfstandige samelewingsverband met 'n eie reg teenoor die staat nie.

Radikaal teenoor hierdie rasionalistiese kerkbeskouing staan dié van die gelowige ondersoeker, wat in sy kennis van die werklikheid hom afhanklik weet van die openbaring van God. Hierdie openbaring word gegee in die Heilige Skrif, die onfeilbaar-geïnspireerde Woord van God.[69] Die vraag is dan wat die Heilige Skrif van die kerk sê en of dit deur God „bedoeld of niet bedoeld" is; „is ze naar menschelijken of goddelijken wil tot aanzijn gekomen."[70]

---

64). Olof Linton: a.w. p.5. Vgl. ook p.p. 25-28 en 119.

65). Vgl. C.J.H. de Wet; a.w. p.75.

66). Vgl. H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek IV. 1911; p.314; J.C.A. van Loon; a.w. p.42.

67). C.J.H. de Wet: a.w. p.20.

68). Vgl. A. Kuyper: Tractaat van de Reformatie der Kerken. 1899. p.51.

69). Vgl. Art. III en VII Nederlandse Geloofsbelydenis; H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek I. p.p. 406 e.v.; en A.D.R. Polman: Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis I. p.p. 265 e.v.

70). P.A.E. Sillevis Smitt: De Organisatie van de Christelijke kerk in den Apostolischen tijd. Rotterdam 1910; p.20.

Die apostel Paulus skryf „aan die gemeente (Ekklesia) van God wat in Korinthe is, aan die geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe heiliges."[71] Hy spreek ook van „al die geliefdes van God, geroepe heiliges wat in Rome is."[72]

Die Ekklesia is dus eerstens 'n vergadering van mense op 'n bepaalde plek - te Korinthe, Rome ensovoorts; 'n spesifiek aanwysbare vergadering. Tweedens moet daarop gelet word dat dit nie 'n willekeurige vergadering is nie. Dit is 'n vergadering van „geheiligdes in Christus Jesus." Hulle is ook na die voorneme van God geroep: „Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer..... en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep;......"[73] Die Ekklesia is dus 'n heilige vergadering omdat hulle uitverkore is „volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus:....."[74] Hulle is „'n uitverkore geslag; 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,..."[75] Die wat vergader word, is in ewigheid by God bekend as behorende tot sy volk. Hulle is ewiglik sy eiendom, wat deur Hom in die tyd uit die ganse menslike geslag uitgeroep word om hulle elkeen persoonlik en almal gesamentlik

---

71). 1 Kor. 1:2.

72). Romeine: 1:7.

73). Romeine 8:29 (a) en 30 (a).

74). 1 Petrus 1:2.

75). 1 Petrus 2:9.

deur die belydenis van die ware geloof, onder Christus as Hoof te stel. Hierdie aanwysing van wat die Ekklesia is, word in die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel XXVII, saamvattend weergegee as: „'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees."

Die vergadering kan dus nie aangemerk word as 'n losse maatskappy nie; dit is wel 'n vergadering waarin 'n gesagsverhouding heers - dié tussen die Hoof: Christus, en die lede: die gelowiges. Hierdie vergadering is so 'n deur God-verordineerde samelewingsverband. Die kerk is God se werk.[76] Hy het uit vrye welbehae gewil dat daar 'n kerk sal wees; 'n selfstandige samelewing van mense, afgesonder, in en onder Christus, uit die mensheid, om vir Hom 'n volk te wees.[77]

Na sy wese is die kerk dus by God verborge en daarom voorwerp van die geloof, „een geestelijke werkelijkheid, alleen voor en door het geloof waarneembaar."[78] Hy alleen weet wie syne is, wie Hy aan die Seun gegee het. Wesenlik is die kerk dus onsigbaar, verborge in die Raad van God.[79]

---

76). Vgl. K. Dijk: Om 't Eeuwig welbehagen. Amsterdam 1924. p.487.

77). Vgl. Romeine 9:15-21; Calvyn Institusie: Deel II, Boek III. Hoofstuk XXII; paragraaf 8; p. 490. Vertaling Dr. A. Sizoo (In vervolg sal die Boek, hoofstuk en paragraaf alleen aangewys word deur die resp. syfers. bv. III. XXII. 8. p.490); K. Dijk: a.w. p.p. 345 e.v.

78). A.D.R. Polman: a.w. III. p.270.

79). Vgl. Johannes: 6:37, 39 en 44.

Tog is dit ook voorwerp van aanskouing. Dit word sigbaar in hierdie wêreld. „Door de uitwerking en volvoering van dien raad ontstaat nu in deze wereld de Kerk op eene voor ons onbegrijpelijke wijze."[80] Die Nuwe-Testamentiese gebruik van die woord kerk, Ekklesia, hou dan ook 'n offisiële oproeping in „Die eiesoortigheid van die kerk kom daarin uit dat 'n mens alleen daartoe kan behoort kragtens roeping, en wel van Godsweë."[81] Die kerk is „die von Gott aus der Welt heraus gerufene Menschenschar."[82]

Die offisiële oproeping tot vervulling van dié raad van God geskied deur Christus. Hy is deur die Vader gestuur.[83] As Hy dan die dissipels na Hom roep en om Hom vergader, en as Hy aan Petrus, na sy belydenis dat Jesus die Christus is, sê: „Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou.........;[84] druk Hy daarmee uit dat Hy doen waarvoor Hy gestuur is. Hy moes die kerk sigbaar tot openbaring bring. Deur die verwerkliking van die verkiesingsbesluit laat Hy die kerk sigbaar word as 'n gemeenskap wat bely en beleef dat Jesus Christus hulle Verlosser en Here is.

In dié sin is die sigbare kerk in die eerste plek universeel; één lewende organisme, hoewel versprei oor die aarde tog saamgebind deur dieselfde geloof in en gehoorsaamheid aan Christus.[85]

---

80). A. Kuyper: Tractaat van de Reformatie der Kerken. 1884. p.2.

81). W.J. Snyman: Die gebruik van die woord „Kerk" in die Nuwe Testament. Potchefstroom. 1949. p.1.

82). Kittel: Theologisches Wörterbuch Zum Neuen Testament. Dritter Band. p.534. Vgl. R. Sohm: a.w. p.p. 16-18.

83). Vgl. o.a. Johannes: 17:3, 18a, 25b.

84). Matt. 16:18.

85). Vgl. Calvyn Institusie IV. I. 9. p.18.

Die geloof en gehoorsaamheid word egter gewerk deur die verkondiging van die Woord.[86] Die sorg vir die verkondiging van die woord is toevertrou aan die kerk. Soos die Vader Christus gestuur het, stuur Hy ook die wat Hy vergader het.[87] En om die Woord te kan verkondig, moet die kerk instituut wees. So openbaar die sigbare kerk sig ook in ampte en bedieninge as instituut tot die verkondiging van die woord. Dit is nie alleen sigbaar in belydenis en wandel as eiendom van God in Christus nie, maar ook middel om die uitverkorenes uit die mensheid tot geloof en bekering te roep en te versorg tot volharding in die geloof. „Zij is coetus, doch ook Mater fidelium; organisme, doch ook instituut; doel en middel tegelijk."[88] En as sodanig kan dit alleen plaaslik wees; verbonde aan een bepaalde plek.

Christus doen egter meer as om die gelowiges aan Hom as Hoof te verbind. Hy bind die lede van sy kerk ook aan mekaar. „Dit is my gebod, dat julle mekaar moet lief-hê net soos ek julle liefgehad het."[89] Christus lê die drang tot 'n eie gemeenskapsvorming in die hart van die gelowiges; hulle ken die drang om mekaar te dien en lief te hê.[90] Van die gelowiges na Pinkster word dan ook gesê: „En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die

---

86). Vgl. Romeine 10:13-15; Heidelbergse Kategismus: Sondag XXI, en Sondag XXV.

87). Vgl. Johannes 17:14 en 18.

88). H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek IV. (1911) p.329.

89). Johannes 15:12.

90). Vgl. H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht I. Kok Kampen. 1928; p.65.

gebede."[91] Die gelowiges is op mekaar aangewys.

Die kerk is dus volgens die Heilige Skrif veral „een diesseitig begrip, een gemeenschap van personen, toegerust met ambten en bedienigen en in het zichtbaar optredend als het vergaderde volk Gods."[92]

Oor die vraag of Christus, in die verwerkliking van God se Raad, self reeds die kerk geïnstitueer het, is daar veel verskil.

Kuyper sien in die arbeid van Jesus die prototipe van die geïnstitueerde kerk in die kring wat Hy rondom Hom gevorm het.[93] Sillevis Smitt betoog: „Zijn instituerend arbeid begon met de verkiezing van de twaalf, van de zeventig, straks nogeens met de verbijzondering van een drietal uit de twaalf."[94] Ook Bronkhorst gaan verder as Kuyper en skryf die oorsprong van die geïnstitueerde kerk nie net in beginsel of kiem aan Jesus se arbeid toe nie, maar beskou Hom as die daadwerklike Stigter daarvan. Die eerste organisasie van die vergadering van die gelowiges is deur Jesus self ter hand geneem. Die geboorte van die georganiseerde kerk „kan min of meer naar Caesarea Philippi worden teruggevoerd."[95]

Hierdie instituerende arbeid van Jesus moet egter nie as iets geheel nuuts gesien word nie. „Christus

---

91). Handelinge: 2:42; Vgl. ook Handelinge 4:32.

92). H. Bavinck: a.w. IV. p.322.

93). Vgl. A. Kuyper: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid III: p.227.

94). P.A.E. Sillevis Smitt: a.w. p.35; Vgl. H. Bavinck: a.w. IV. p.300: H. Bouwman: a.w. I. p.5.

95). A.J. Bronkhorst: Schrift en Kerkorde. Den Haag 1947; p.46; Vgl. A.D.R. Polman: a.w. III. p.p. 372. e.v.

heeft die kerk dan ook niet gesticht en haar niet geïnstitueerd,"[96] as 'n geheel nuwe instelling nie, omdat dit reeds bestaan het, net in 'n ander vorm. Die sinagoge is in sekere sin die prototipe van die Nieu-Testamentiese kerklike instituut. Jesus en die apostels sluit hulle vir die erediens by die sinagogediens aan.[97] Die Nieu-Testamentiese kerk is maar 'n voortsetting van die Ou-Testamentiese kerk. „Door het Nieuwe Testament werd gene principiële verandering te weeg gebracht in de verhouding tot Christus het Hoofd van Zijn verborgen lichaam."[98] Christus verbreek die band met die verlede nie. Hy trek die lyn deur. „Het is èèn lyn, die van Israel over den Christus tot op onzen tijd doorloopt."[99]

Die arbeid van Christus bring egter 'n veel heerliker kerk te voorskyn as die een wat in die Ou-Testament sigbaar is. Die kerklike instituut onder Israel was nie selfstandig nie, maar ingeweef in die bestaan van Israel as volk. Kerk en staat was wel te onderskei, maar nie geskei nie.

In sy optrede het Jesus Hom tot die hele Israel gerig en hierdie optrede bring skeiding in Israel. Bronkhorst vind die aanduiding van die verdeling wat Jesus in Israel teweegbring, ook in die agtergrond van die woord

---

96). Ph. J. Hoedemaker: De Kerk en het Moderne Staatsrecht. Amsterdam-Kaapstad. 1904. p.63.

97). Vgl. K. Dijk: De Dienst der Prediking. Kok Kampen 1955. p.p. 23 en 24.

98). Ph. J. Hoedemaker: a.w. p.64.

99). J.J. Knap. C. Zn. Dogmatische Fragmenten. Eerste reeks. De Kerk. Kok Kampen 1914. p.29.

Ekklesia. Gesien teen die agtergrond „van Ekklesia in de semitische wereld dan kunnen wij twee kanten op."[100] In die LXX is Ekklesia die weergawe van qahal: vergadering. In die kombinasie: qehal Jahwe kry die woord die „specifieken sin: de kerk, de gemeente, het volk des Heeren."[101] Ekklesia is egter ook die vertaling van die Aramees-verwante Siriese woord: Kenischita: 'n gemeenskap van lokale aard met 'n kultiese doel. Jesus het na alle waarskynlikheid dié woord gebruik.[102] Bronkhorst konkludeer hieruit: „Ekklesia is een Grieksch begrip, waarin inhouden van het Hebreeuwsche qahal en het Arameesch kenischita zijn saamgevloeid. Anderzijds is kenischita zelf gaan diffirentieëren en de Arameesche achtergrond, zowel van de Christelijke Ekklesia als van die joodse synagōgē geworden." [103]

Jesus het Hom tot die hele volk gerig in sy optrede. Hy het egter net die „res", die oorblyfsel wat in Hom geglo het, as ware qahal Jahwe, in 'n aparte kenischita saamgevat. Hy het skeiding in Israel gebring. Daarop dui die afsondering van die twaalf dissipels en die feit dat Hy hulle uitstuur „na die verlore skape van die huis van Israel."[104] In die lig hiervan is dit onmiskenbaar die bedoeling van Jesus, as Hy spreek van sy Ekklesia,[105] om die ware qahal Jahwe van die ontroue Israel,

---

100). A.J. Bronkhorst: a.w. p.25.

101). ibid. p.25. Vgl. Kittel: a.w. III. p.528.

102). Vgl. Kittel: a.w. III. p.529.

103). A.J. Bronkhorst: a.w. p.27.

104). Matt. 10:5, 6.

105). Matt. 16:18.

28/.......

die Joodse volk, af te sonder en op te bou as die nuwe Israel onder Rom. Die twaalf is die begin van die kerk as nuwe Israel onder Christus as Hoof.

Dr. F.W. Grosheide beskou dit nie nodig om tot die Semitiese agtergrond van die woord Ekklesia terug te gaan nie. Slegs aan die Grieks moet aandag gegee word. Dan wys Matthēüs 16:18 aan dat die woord die christelike kerk van die Joodse gemeenskap onderskei. Jesus spreek van: „oikodomēsoo mou tēn Ekklesian." Dit dui ongetwyfeld op 'n nuwe offisiële georganiseerde gemeente, wat naas die ou Israel te staan kom en die eiendom van Christus is, die kerk van die nuwe bedeling, wat ook goed onderskei moet word van die vroeëre ongeorganiseerde skare wat Jesus gevolg het.[106)]

Hoewel Hort ontken dat in Matt. 18:17 Ekklesia iets anders as die lokale Joodse gemeenskap aandui, en sê dat daar geen sprake in die teks van 'n plaaslike Christelike gemeenskap is nie, is dit tog sy oordeel dat in Matt. 16:18 gespreek word van die nuwe Israel. Enersyds het Jesus die ou Israel in gedagte, maar andersyds die vernuwing daarvan. Die Ekklesia „had a true continuity with the ecclesia of the old covenant; the building of it would be a re-building." Die nuwe ekklesia is gegrond „on a new principle or covenant, and in this sense might specialy be called the ec lesia of Messiah, Messiah actually manifested; and under such a point of view building rather than rebuilding would be the natural verb to use."[107)]

---

106). Vgl. F.W. Grosheide: Commentaar op het N.T. Het Evangelie volgens Matthēüs. Tweede Herziene en vermeerderde deel. Kok Kampen. 1954. p.257. Vgl. ook H. Ridderbos: De Komst van het Koninkryk. Kok Kampen. 1950. p.309.

107). F.J.A. Hort: The Christian Ecclesia: London 1897. p.[illegible] Vgl. D. Jacobs: De Verhouding tusschen de Plaatselijke en de Algemeene Kerk in de eerste drie eeuwen. Leiden 1927. p.p. 24/25.

29/.......

H.N. Ridderbos teken by Matthëus 16:18 aan: „dat Jesus zelf de bouwheer is en blijft van de komende gemeente, de apostelen vormen er het fundament van, omdat hun getuigenis van den Christus de basis zal zijn voor heel den opbouw der gemeente."[108)]

Wanneer Alford die betekenis van ekklesia in Matt. 16:18 aangee as „The congregation of the faithful", kan dit in die lig van sy voorafgaande verklaring nie anders geïnterpreteer word as dat Jesus hier spreek van die organisasie van sy kerk los van die nasionale Israel nie. „The name Petros.... donates the personal position of this apostle in the building of the Church of Christ."[109)]

Uit die verskillende verklarings van veral Matthëus 16:18, is dit duidelik dat, al is daar verskil oor die presiese aanvang van die institueering van die kerk - of Jesus dit self reeds geïnstitueer het en of Hy die institueering net voorberei en dit verder aan die apostels oorgelaat het, en of die geïnstitueerde kerk reeds onder Israel bestaan en Jesus alleen die lyn deurgetrek het, almal dit tog daarmee eens is dat Jesus aan die ekklesia gedink het as 'n georganiseerde eenheid teenoor die Joodse gemeenskap sowel as die wêreld in die algemeen.[110)] Polman verklaar met juistheid dat verskillende eksegete „wijzen danook terecht op het feit, dat de kerk van meet af aan een vaste

---

108). H.N. Ridderbos: Korte verklaring der Heilige Schrift met nieuwe vertaling. Mattheüs. Tweede deel. Kok Kampen 1946. p.11.

109). Alford: The Greek Testament with critically revised text. A Digest of various readings etc. and a critical and exegetical commentary. Vol. I. Londen. 1894. p.173.

110). Vgl. H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek IV. (1911) p.299.

plaats in Christus' bewustzijn, prediking en werk heeft ingenomen."[111]

Daar is egter ook verskillende eksegete wat ten sterkste ontken dat die institueering van die kerk in Jesus se bedoeling gelê het. Ridderbos sê hiervan: „dat er lange tijd by toonaangevende geleerden een zekere consensus heeft bestaan, dat Jezus met de kerk niet te doen gehad heeft....."[112] Ook Bronkhorst wys op die consensus: „Jezus wilde geen kerk stichten; maar het koninkryk Gods brengen."[113]

Om hierdie standpunt te kan handhaaf, is 'n tekskritiese strydpunt oor die egtheid van Matt. 16:18 en 18:17, die enigste twee plekke waar die woord ekklesia in die evangelies gebruik word, in die lewe geroep. Die tekste sou 'n interpolasie wees; dit is geen outentieke weergawe van Jesus se woorde nie, maar wel later deur die skrywer van die Mattheüs-evangelie ingelas.[114]

Die bewyse teen die egtheid van die sogenaamde ekklesia-tekste, kom, kortliks saamgevat, op die volgende neer:

---

111). A.D.R. Polman: a.w. III. p.372.

112). Herman Ridderbos: De Komst van het Koninkryk. Kok Kampen. 1950. p.290.

113). A.J. Bronkhorst: a.w. p.16.

114). Vgl. H. Ridderbos: a.w. p.292. O. Linton: a.w. p.p. 157 e.v. W.C. Allen: The International critical commentary. A Critical and exegetical commentary on the Gospel according to S. Matthew, Edinburgh 1907, second edition; by Matt. 16:17-19.

(i) Die woord kom in die evangelies net in Matt.16: 18 en 18:17 voor. Jesus spreek nêrens anders van sy kerk of die kerk nie. Ook die saak, met die woord aangedui, is aan die sinoptiese oorlewering vreemd. Die gedagte van die ekklesia word nêrens daarin gevind nie.

(ii) Die gebruik van die woord pas nie by die es atologiese bepaaldheid waaronder die prediking van Jesus gestaan het nie. Hy het so sterk in die verwagting geleef van die nabye wêreldeinde, dat die stigting van 'n kerk nie by Hom kon opgekom het nie.

(iii) De benaming „Rots" kom nie ooreen met die onbestendige karakter van Petrus nie. Hy het ook nooit die plek in die oudste kerk ingeneem wat in die teks deur Jesus aan hom sou toegeken gewees het nie. Matt. 16:18 is 'n later versinde woord van Jesus, om die posisie van Petrus te verstewig met die oog op die Roomse opvolgingsleer.[115)]

Uitgaande van die interpolasie-hipotese word dan deur die kritici neergelê dat dit in Jesus se optrede en prediking net gegaan het om die Koninkryk van die hemele. Hy was die profeet van die innerlike religie. Sy oogmerk is die vernuwing van die persoon en daarom rig Hy Hom veral tot die individuele mens. As Hy die gemeenskap of menslike samelewing in die oog het, is dit van 'n idiële en onsigbare karakter. Dit is 'n „Jenseitskirche, waarnaar men moet streven."[116)] Die ideaal sou volgens Jesus spoedig bereik wees. Daarom is dit uitgesluit „dat

---

115). Vgl. vir hierdie saamvattende weergawe van die kritiek op die ekklesia-tekste o.a. O. Linton: a.w. p.175; Herman Ridderbos: a.w. p.291; A.J. Bronkhorst: a.w. p.p. 23 e.v. en International critical Commentary: a.w. p.179

116). Herman Ridderbos: a.w. p.289.

Jezus nog zou hebben rekening gehouden met een aardse ontwikkeling, waarin voor een gemeentelijk leven en een kerkelijk organisatie plaats zou zijn geweest."[117] Rondom Jesus het vanself 'n dissipelkring ontstaan, maar van enige vaste organisasie was geen sprake nie. Teen die bedoeling van Jesus in het die dissipelkring in 'n gemeente of kerk ontwikkel as noodsaaklike gevolg van die gebeurtenisse na Golgotha. Die paroesie, deur Jesus aangekondig, het uitgebly en die wat tevergeefs daarop gewag het, het geen ander keuse gehad as om hulle as sy dissipels in die sigkontinuerende geskiedenis te organiseer nie.[118] Rondom doop, diens van die Woord en Nagmaal het hierdie organisasie 'n eie vaste vorm gekry. Die kerk het so altyd meer in teenstelling met die Joodse volk, wat gegroepeer is rondom die tempel en sinagoge, gegroei. Die teenstelling is veral deur die arbeid van Paulus geaksentueer. Dit het as gevolg gehad dat die kerk tot 'n derde grootheid ontwikkel het naas die Jode en heidene. Die kerk sien sigself nou al hoe meer as die ware volk van God, Israel na die Gees.

Paulus gee aan die kerk as derde grootheid 'n nuwe fundering. Dit is vir hom 'n corpus misticum, waarin Christus en die Gees woon en werk. Tot hierdie gemeenskap is dit alleen moontlik om te behoort deur die geloof, maar bo alles deur die sakramente: Doop en Nagmaal. Aanvanklik is die karakter van die corpus misticum nog in hoofsaak charismaties van aard.[119] Die oudste Christenheid het

---

117). ibid. p.290. Vgl. Tjaart v.d. Walt: Die Koninkryk van God - Naby! Kok Kampen 1962. p.4.

118). Vgl. H. Ridderbos: a.w. p.p. 290/1.

119). Vgl. ook R. Sohm: a.w. p.495.

die „Form einer enthusiastischen Gemeinschaft angenomen."[120] Die entoesiasme het egter groot gevare ingehou. Gepaard met die groei van die corpus het die entoesiasme van die eerste liefde al te ongebonde geraak. Dit het gedreig om die hele orde in die samelewing omver te gooi. Dit dwing Paulus om organisator te word. Die praktyk lei hom om al hoe meer voorskrifte te maak met die oog op prediking, Nagmaalsviering, tug, ensovoorts.[121] Hierdie ontwikkeling het altyd verder weg van Jesus se oorspronklike bedoeling, om God se Basileia hier op aarde te bring, gelei. Al het die kerk dus as gevolg van Christus se werk ontstaan, is dit geen goddelik-ingestelde samelewingsverband nie, maar wel 'n menslike, wat teen die oorspronklike bedoeling van Christus in ontwikkel het.

Die hipotese waarop hierdie kerkbegrip rus, is egter onbewysbaar.

(i) Oor Matt. 16:18 en 18:17 is in Kittel aangeteken: „Textkritisch lassen sich gegen 18, 17 wie dann voor allen auch gegen 16, 18 keine Einwendungen machen."[122] Sedert die tweede helfte van die twintigste eeu het die meeste kritici dan ook van die interpolasie-gedagte op histories-grammatiese gronde, afgestap: „Wij kunnen dus vaststellen, dat in de laaste tijd het verdict van de onechtheid van de ekklesia-uitspraken uitsluitend op zakelijken, aan den inhoud der uitspraken ontleende overwegingen berust....."[123]

---

120). Heinrich Weinel: Paulus als Kirchlicher Organisator. Freiburg: Leipzig und Tübingen. 1899. p.6.

121). Vgl. ibid. p.p. 7, 8, 11 en 18.

122). Kittel: a.w. III, p.523.

123). Herman Ridderbos: a.w. p.293.

(ii) Die argumente ontleen aan die inhoud van die tekste kan egter ewemin gehandhaaf word.

(a) Uit die feit dat die woord ekklesia net in Matt. voorkom, kan niks teen die egtheid van die tekste afgelei word nie. Die woorde pas in die geheel van Jesus se prediking in, en die saak wat daarmee aangedui word, kom dikwels in die evangelies voor.[124] Bronkhorst verklaar: „Ekklesia is nu eenmaal een begrip met een zoo rijke inhoud, dat we het by Jezus ook inderdaad slechts op de hoogtepunten van Zijn onderricht verwachten kunnen. Zoo 'n hoogtepunt is Mt. 16 zeker. De zaak kan bij andere gelegenheden voorkomen onder andere woorden."[125]

(b) Dat veral die eskatologiese bepaaldheid van Jesus se prediking die gedagte van 'n geïnstitueerde kerk sou uitsluit kan nie aanvaar word nie, omdat die kerk self 'n eskatologiese grootheid is.[126] Dit is „ook reeds een met Christus gegeven empirisch grootheid............ Het begin van haar organisatie licht in de roeping der discipelen door Christus."[127] Hy vergader op aarde die wat aan Hom behoort en sonder hulle af onder sy heerskappy, sodat hulle reeds as onderdane van die Basileia sal leef en eenmaal saam het Hom die koms daarvan in volkomenheid sal aanskou en beleef. Jesus kondig nie net die koms van die Koninkryk as iets wat in die verre toekoms lê, aan nie, maar in die kerk is die koms daarvan op aarde reeds 'n werklikheid. Daarom wys Jesus, op die vraag van die Fariseërs oor wanneer die Koninkryk van God sal kom, daarop

---

124). Vgl. o.a.: Matt. 2:6; 9:36; 26:31; Markus 6:34; 14:27; Lukas 12:32; Joh. 10:1. v.v.

125). A.J. Bronkhorst: a.w. p.23.

126). Vgl. Kittel: a.w. III. p.525.

127). Herman Ridderbos: a.w. p.295.

dat dit reeds gekom het.[128] „Het koninkryk is er soodra de Koning er is."[129] Die onderdane van die koninkryk is hulle wat hulle in gehoorsaamheid aan die Koning Jesus Christus onderwerp; en dit is hulle wat Hy rondom Hom vergader, die dissipels, as begin van die kerkformasie. „De basileia is het grote goddelijke heilswerk der vervulling en der voleinding in Christus; de Ekklesia is het door God verkoren en geroepen volk, dat in het heil der basileia mag delen...... De Ekklesia is de vrucht van de openbaring der basileia; omgekeerd is ook de basileia zonder ekklesia niet te denken."[130]

Die kritiek teen die ekklesia-tekste moet dus afgewys, en gehandhaaf moet word dat die kerk die vrug van Jesus se arbeid is, ooreenkomstig sy bedoeling. In hierdie arbeid betrek Hy egter ook die apostels. Waar Hy hulle stuur soos die Vader Hom gestuur het[131] na die

---

128). Vgl. Lukas 17:21(b). Afrikaanse vertaling: „want die koninkryk van God is binne-in julle." Alford vertaal egter: „for behold the kingdom of God is (already) among you". Entos is verkeerdelik vertaal met „binne-in". „The misunderstanding which rendered these words 'within you', meaning this in a spiritual sense, 'in your hearts', should have been prevented by reflecting that they are addressed to the Pharisees, in whose hearts it certainly was not." Alford's Greek Testament. Vol. I., ter plaatse. Jesus bedoel dus met die antwoord (vgl. ook vs. 20(b) dat die Koninkryk reeds tussen hulle is; in hulle midde, deur sy eie en die teenwoordigheid van die dissipels, wat Hy direk daarna aanspreek (vs. 22). Met die geloofsgehoorsaamheid van die wat aan Hom behoort; met hulle onderwerping aan Hom as Koning, is die Ryk reeds tegelyk 'n werklikheid en tog nog komende. Vgl. ook S. Greydanus: Het Heilige Evangelie naar de Beschrijving van Lucas. II. H.A. van Bottenburg. 1941. p.827 e.v. en Tjaart van der Walt: a.w. p.p. 34-43, op Matt. 12:28 en Lukas 11:20; op Lukas 17:21(b): p.p. 53/4.

129). H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht. I. p.56.

130). Herman Ridderbos: a.w. p.307.

131). Vgl. Joh. 20:21; en o.a. H. Bouwman .: a.w. I. p.5.

verlore skape in Israel en om dissipels te maak „van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het;"[132] kry hulle institueerende arbeid dieselfde karkater as syne. Hulle word nie kerklike organisators deur die dwang van omstandighede as gevolg van teleurgestelde paroesieverwagtinge, soos onder andere Heinrich Weinel beweer nie, maar is dit kragtens die opdrag van Christus. Toegerus met die Heilige Gees[133] vir die arbeid is hulle, in aansluiting by die werk van Christus en in sy opdrag, besig met die verdere volbrenging van die Raad van God ten opsigte van die kerk.

Die kerk is dan volgens die Nuwe Testament 'n selfstandige menslike samelewingsverband, ewig verborge in die Raad van God, maar tot 'n sigbare instelling gevorm deur die arbeid van Jesus en die apostels as die vergadering van gelowiges, „die, krachtens den drang, door den Heiligen Geest in hen gelegd, zich vereenigen tot de bediening van het Woord, de sacramenten en de gebeden....."[134] Dit is 'n gebou deur God gewil en opgetrek. Elders noem die Skrif dit ook die liggaam van Christus; Hy is die Hoof en die gelowiges sy lede.[135]

(4) KERKREG:

Waar die kerk 'n selfstandige samelewingsverband is, en elke samelewingsverband 'n eie innerlike reg het, moet nou vasgestel word wat kerkreg is.

---

132). Matt. 28:19.

133). Vgl. Joh. 20:22; Hand. 1:8 en 2:1. v.v.

134). H. Bouwman: a.w. I. p.53.

135). Vgl. 1 Kor. 12:12 v.v.

Rudolph Sohm betwis dit egter dat kerkreg bestaanbaar is; hoewel hy ook die kerk as 'n eiesoortige, selfstandige samelewingsverband, as die liggaam van Christus aanvaar.[136)] Christus of die apostels het egter nooit die bedoeling gehad om dit aan 'n aardse organisasie, wat wetlik-formeel van aard is, te bind nie. Alle reg is vir hom „Staatsliches Recht", formeel en dwingend van aard.[137)] „Vaststelling, uitvoering, toepassing, handhawing, het moet alles gaan, om te kunnen gelden, naar de regelen die er voor dat alles zijn aangenomen; en indien de regelen zijn in acht genomen, dan is dat ook genoeg."[138)] Juis omdat die kerk Christus as Hoof het en Hy alleen die gedrag van die lede van die kerk reël, kan die formele reg vir die kerk nie bestaan nie. „Das Kirchenrecht steht mit dem Wesen der Kirche in Widerspruch."[139)] Eers teen die einde van die eerste eeu maak die kerkreg, as gevolg van 'n opstand van die jongeres teen die presbiters te Korinthe, sy intrede. „Ende des 1. Jahrhunderdts kündigt in dem Clemensbrief die Entstehung des Kirchenrechts sich an."[140)]

Sohm meen dat hy op die standpunt staan wat Luther op 10 Desember 1520 ingeneem het. Die verbranding van die Corpus Juris Canonici is simbolies van Luther se verwerping van die kerkreg. „Nicht blosz das päpstliche Recht, sondern das Kirchenrecht wollte er verbrennen."[141)]

---

136). R. Sohm: Kirchenrecht. I. p.22.

137). Vgl. O. Linton: a.w. p.62.

138). F.L. Rutgers: Het Kerkrecht. p.17.

139). R. Sohm: a.w. I. p.1.

140). ibid. p.160.

141). ibid. p.461.

Hy doen dit omdat hy die oerchristelike en evangeliese kerkbegrip herontdek het. Die ekklesia is die volk van God, die volk van Christus, die koninkryk. Dié kerk is dan die hele Christenheid, die som-totaal van alle gelowiges, waarin „Gott (Christus) mit Seinem Gnadegaben wirksam ist."[142] Die plaaslike vergadering van die gelowiges is maar net soveel verskyningsvorme van die een kerk. Die plaaslike vergadering van die gelowiges kan dan nie vir organisasie in aanmerking kom nie. Alleen die kerk as ekumeniese grootheid is aangewys op organisasie. „Was an Verfassung hervortritt, muss das Streben in zich tragen, Kirchenverfassung, Verfassung der Gesammtgemeinde; der Ekklesia darzustellen. Aber die Ekklesia ist der rechtlichen Organisation unfähig."[143] Die kerk is as liggaam van Christus 'n geestelike grootheid. Daarom word dit aan alle aardse norme, ook die reg wat dwingend van aard is, ontruk.

Daarmee wil Sohm nie beweer dat die kerk enkel onsigbaar is nie. Dit word sporadies sigbaar in die samekoms van die gelowiges en is sigbaar werksaam in die genadegawes wat aan elke gelowige geskenk is. Die kerk het organe, „aber es ist unmöglich dass ihre Organisation rechtlicher Natur sei."[144] Christus regeer sy kerk alleen deur Sy Woord en Gees en sodra die samekoms uiteengaan, bly net die onsigbare kerk oor. Die Woord oefen 'n innerlike gesag uit en vorder innerlike gehoorsaamheid. Geen ander gesag kan in die kerk wees nie. Die Woord is vir sowel die sedelikheid as die ordening van die kerk

---

142). ibid. p.18.

143). R. Sohm: a.w. I. p.22.

144). ibid. p.22.

beslissend; vir sowel die lewe as die organisasie. „Damit ist jeder Gedanke an Gesetzgebung rechtlicher Art ausgeschlossen."[145] In die plek van die wetgewing kom die lering deur die Woord. Alleen deur oorreding met die Woord word gesag in die kerk uitgeoefen. Deur die genadegawes aan die gelowiges word die wil van God (Christus) duidelik en uit die oortuiging dat dit werklik God se Woord is wat verkondig word, word vrywillige gehoorsaamheid daaraan gebore. Die organisasie van die kerk is dus charismaties en rus op die liefde. Onderwerping aan die charismatiese regering is liefdesplig en nie regsplig nie. Die enigste gesag wat in die kerk uitgeoefen word, is so slegs geestelik en nie regtelik nie.

Die kerk mag egter nie ordeloos wees nie. „Das ist nicht die Meinung! Es solle in der Kirche Gottes alles ordentlich zugehen. Es soll die Kirche Gottes kein Babel worden. Ja, das Reich Gottes, die Kirche Gottes hat eine gottgegebene Ordnung durch die Charismatische Organisation, welche die Christenheit zu einen gegliederten Leibe Christi macht, eine Ordnung der Kirche Gottes wird wirksam nicht durch das Recht, sondern durch die Liebe."[146]

Dat daar tog 'n kerkreg is, is die raaisel van die geskiedenis. Die geskiedenis toon dat die charismatiese organisasie baie groot praktiese probleme opgelewer het. Dit het die kerk met anargisme bedreig en 'n behoefte aan ordening laat ontstaan wat sterker was as

---

145). ibid. p.p. 24/5.

146). ibid. p.495.

die vertroue op die voorsorg van die Goddelike Gees. In die stryd om die bewaring van die regte sedelike lewe en die waarheid in die gemeente, is die regtelike ordening as 'n vaste bolwerk teen die vyand opgewerp. Die bolwerk het egter self geblyk die vervalser van die kerk te wees. Die opkoms van die kerkreg het die hele wese van die kerk verander. „Die Reich Gottes ward zu einem Reich des Papstes, das Reich des Wortes ward zu einem Reich des Rechts. Die Christenheit ist Katholisiert."[147)]

In die beoordeling van Sohm se bestryding van die kerkreg is die begrip reg van grondliggende betekenis. Hy aanvaar die humanisties-positivistiese regsbegrip, wat gedurende die negentiende eeu heersend was, as die enigste moontlike. „Das wesen des Rechts ist weltlich."[148)] Dit kom eintlik neer op 'n miskenning van die verhouding tussen God en die skepping, want die wese van die reg rus juis in dié verhouding. God het vir die menslike samelewing sekere ordinansies gegee wat moet gehoorsaam word, anders is geen samelewing moontlik nie. Daarom word selfs in die reg, gevorm deur ongelowiges, reëls vir die menslike gedrag gevind wat herlei kan word tot die ordinansies van God.

Maar Sohm se opvatting van reg kom ook neer op 'n loëning van die herskeppingswerk van Christus.[149)]

---

147). R. Sohm: a.w. p.456. Met hierdie eensydige beklemtoning van die geestelike aard van die kerk en die verwerping van die kerkreg, sluit Sohm teen wil en dank aan by die rasionaliste, teen wie se verwêreldlikte kerkbegrip hy die kerk as instelling van God so vurig verdedig. Daarom kan Linton verklaar (a.w. p.67) dat Sohm nie daarin kon slaag om die consensus van die Aufklärung, dat die kerk 'n vrywillige vereniging is, omver te werp nie. Sohm se beskouing oor die sigbare kerk as instituut lei eintlik tot geen ander konklusie as dié van die rasionaliste nie.

148). R. Sohm: a.w. p.l.

149). Vgl. F.L. Rutgers: Het Kerkrecht. p.32.

Die gelowige, herskape mens in Christus, sien immers weer die skepping in die afhanklike verhouding tot God. Hy is die soewereine Heerser daaroor. En gelowige regsvormers is deur die geloof in Christus gebring „tot het gaan koesteren van een andere gezindheid en het ten gevolge daarvan anders gaan handelen."[150) Die reg wat hulle neerlê vir die gedrag in die samelewing sal dan voortvloei uit die Godgestelde beginsels, soos weergegee in God se Woord.

Die reg is dus nie wesenlik wêrelds en daarom in stryd met die kerk, wat van hemelse oorsprong, die liggaam van Christus, is nie. En al is die kerkreg ook formeel - dit kan tewens nie anders as formeel van aard wees nie, omdat dit die gedrag van mense in die kerk reël - doen dit nog geen afbreuk aan die heerskappy van die Woord in die kerk nie. Want die reg wat in die kerk geld, moet ook pas by die wese van die kerk. Immers, kerkreg is die reëls vir die gedrag in die kerk wat gevorm is uit Godgestelde beginsels. Daarom is die kerkreg ook nie dwingend van aard nie. Uit liefde word dit gehoorsaam. Die kerk het „een eigen fondament, is opgetrokken in eigen stijl..... en in haar toestand en inrichting afhankelijk niet van de wetten der natuur, noch van de wetgeving van aardsche wetgevers, maar eigenlijk van de levenswet van haar goddelijke Stichter."[151) Die kerkreg dien dan om die heerskappy van die Woord te handhaaf.[152)

---

150). F.W. Grosheide: Het Heilige Evangelie volgens Matt. 1954. Kok Kampen. p.40.

151). A. Kuyper. E Voto Dordraceno II. p.112. Vgl. F.L. Rutgers: De Betekenis der Gemeenteleden als zoodanig. p.15.

152). F.L. Rutgers: Het Kerkrecht. p.19.

Christus is die Hoof van die Kerk. Hy regeer dit. Hy is die enigste en ewige Koning en Wetgewer oor en vir die kerk.[153)]

Omdat Hy egter opgevaar het na die hemel, regeer Hy sy kerk vanaf die Regterhand van die Vader deur die bediening van Sy Woord, onder leiding van die Heilige Gees.[154)] Vir die bediening van die Woord gebruik Hy die diens van mense. Hy roep en bekwaam mense as ampsdraers om in Sy naam die leiding en bestuur, gebonde aan Sy Woord in die kerk op te neem.[155)] Hierdie ampsdraers moet eerstens die beginsels wat Christus in die Heilige Skrif, Sy Woord, neergelê het, vir die gedrag van die kerk, naspeur. Uit hierdie beginsels word die reg wat in die kerk moet geld, afgelei en gevorm. Die kerkreg, dit wil sê die reëls vir die gedrag van die samelewing of vergadering van die gelowiges moet altyd die beginsels, gegee in die Woord van God, ten grondslag hê. Die kerkreg mag niks anders wees as die toepassing van die beginsels nie.[156)] As dit nie die geval is nie, word elke band tussen die kerklike instituut en die mistieke liggaam van Christus deurgesny. Dan is die kerk nie meer die ware

---

153). Vgl. H. Bavinck. Gereformeerde Dogmatiek (1911) IV. p.355; Hoedemaker: a.w. p.13; H. Bouwman. De Kerkelijke Tucht. Kok Kampen. 1912, deel I. p.11. Calvyn: Institusie IV. III. 1. p.54.

154). Die term: „Bediening van die Woord" word in hierdie verhandeling nie in die engere sin gebruik nie. Gewoonlik word daarmee alleen die engere sin nl. die prediking bedoel. Hier egter het dit 'n breëre betekenis en sien op die aanwending van die woord deur die ampsdraers in al die vertakkinge van hulle arbeid.

155). Vgl. Hand. 20:17, 28; 1 Tim. 3:1-5; Titus 1:5; 1 Petrus 5:1; Ef. 4:11, 12.

156). Vgl. 1 Kor. 3:9-13.

liggaam van Christus, die vergadering van die gelowiges, nie, en kan daar van kerkreg nie meer gespreek word nie.[157)]

God se Woord is egter nie 'n wetboek waaruit elke reël vir die kerk net afgelees kan word nie. Die beginsels wat vir alle tye geld, is wel gegee. Dit moet egter ook deur afleiding en nadere reëling toegepas word na die behoefte van die tyd en omstandighede.[158)] Dit geskied in die kerkorde, wat dan niks mag bevat wat met die Woord van God in stryd is nie, maar tog ook, met inagneming van tyd en omstandighede, reëlinge gee wat nie direk in die Woord beveel is nie, "....... de Kerkenordening (is) geen Schriftgegeven, maar een historisch gegeven."[159)] Daarom spreek die geskiedenis ook altyd mee by die verklaring van die kerkorde.

Omdat die kerkreg die reëls vir die gemeenskap van gelowiges, gevorm uit die beginsels neergelê in die Woord van God, is, moet deur die dogmatiek heen die weg na die Woord van God gevind word. Anders word die historie van die kerk en die leiding van die Heilige Gees in die historie, verbygegaan en word in verwarring verval, omdat die waarheid, soos in die Woord van God gegee, uit sy organiese verband met die orige dogmata geruk word.[160)]

---

157). Vgl. A. Kuyper: Encyclopaedie Der Heilige Godgeleerdheid. III. p.p. 233/4

158). Vgl. H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht I. p.324; H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek (1911) IV.p.404.

159). L. Praamsma: Kerkenordening en Geschiedenis. Kok Kampen. 1946, p.3. Vgl. Joh. Jansen: De Kerkordening van de Gereformeerde Kerken in Nederland. Deel I. Van de Diensten 1917, p.43.

160). Vgl. A. Kuyper: Encyclopaedie ens. III. p.p. 236/7; F.L. Rutgers: Het Kerkverband der Nederlandsche Gereformeerde Kerken, gelyk dat gekend wordt uit de handelingen van den Amsterdamschen Kerkeraad in den aanvang der 17e eeuw - Amsterdam 1882; p.10.

Samevattend is kerkreg dan die reëls wat uit die beginsels, gegee in die Woord van God, gevorm is deur die ampsdraers, vir die gedrag in die gemeenskap van die gelowiges.

Christus is prinsipieel die enigste Wetgewer of Regsvormer en Regshandhawer in sy kerk. Hy regeer die kerk; maar doen dit deur die diens van mense, ampsdraers. Op dié wyse bepaal Hy ook self die kerkregeringstelsel vir sy kerk.

In die volgende hoofstukke word nou verder ingegaan op die amp en die wyse waarop die ampsdraers, in opdrag van Christus, die kerk regeer.